JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 24 12 Aug – 19 Aug 2022

LANDLOOP
Baie sterkte aan die atlete wat Saterdag, 13 Augustus aan die Vrystaat Kampioenskappe deelneem. Leerders vertrek 06:15 vanaf die skool.

KRIEKET
Baie sterkte aan die 0/11 en 0/13 seuns wat Dinsdag, 16 Augustus aan die Xhariepproewe in Bloemfontein deelneem. Leerders vertrek 06:15 vanaf die skool.
Daar sal Maandag, 15 Augustus 0/13 krieket proewe plaasvind te Landboudal vanaf 15:00 – 17:00. Geen 0/11 oefening op hierdie dag nie.
Daar sal Woensdag, 17 Augustus 0/11 krieket proewe plaasvind te Landboudal vanaf 15:00 – 17:00. Geen 0/13 oefening op hierdie dag nie.

SKAAK
Ons skaakspelers speel Woensdag, 17 Augustus vriendskaplike wedstryde teen Koffiefontein (by hulle). Baie sterkte aan dié spelers. Baie sterkte aan Wian Enslin wat Saterdag, 13 Augustus aan ‘n toernooi deelneem.

GHOLFDAG
Ons herinner net die ouers aan ons Jakkies gholfdag van Saterdag, 10 September. Indien iemand wil inskryf, moet hul so gou as moontlik vir Liané die name stuur. Die baan raak nou vining vol. En indien enige iemand iets wil borg kan hul ook vir Liané kontak. Daar is verskeie opsies om van te kies.

KOEKIEVERKOPING
Baie dankie aan die Graad 3-mammas wat heerlike eetgoed gestuur het met hulle koekieverkoping. Die klas het ‘n pragtige bedrag van R2126,00 ingesamel.

ENVIRO-QUIZ
Baie geluk aan die Kiwi Klitsers!
Amber Rheeder, Adriaan Burger, Jean Brits en Schalk Willem Engelbrecht dring deur na die semi-finale rondte.
1556 het aan die eerste rondte deurgedring en 140 spanne het vir die semi-finale gekwalifiseer.

MENTAL MATHS
Baie sterkte aan die leerders wat Donderdag, 18 Augustus aan die Mental Maths gaan deelneem.

KUNSTEFEES VOORDRAG
Baie sterkte aan die leerders wat Vrydag, 19 Augustus aan voordrag deelneem by die Noord-Kaap Kunstefees.

WOW SPELKOMPETISIE
Ons wens die volgende leerders sterkte toe wat op Dinsdag, 16 Augustus 2022 aan die WOW Spelkompetisie gaan deelneem. Dit vind plaas om 12:00 in die skoolsaal. Leerders moet asseblief netjies en korrekte skooldrag aantrek.

Gr.3
Deidre Cloete
Kylie Ceronio
Mpilo Thuntsa
Klari Marais
Karla Rheeder

Gr.6
Aidan Brooks
Allison Nolan
Mckayla Bezuidenhout
Elmi Brink

Gr.7
Marizel Swanepoel
Decoda Kilian
Leo Wilkinson
Mikayla Esterhuyse
Enrico Scholtz

Die skool verdaag dus Dinsdag, 16 Augustus 2022 om 12:00 vir alle leerlinge weens die WOW Spelfees.

SOSIALE MEDIA

Sosiale media kan en is baie gemaklik as ons dit reg en verantwoordelik gebruik. Sosiale media kan net so gevaarlik ook wees as ons dit onverantwoordelik misbruik. Lees asseblief die berig baie aandagtig deur wat op 4 Augustus 2022 in die Huisgenoot gepubliseer is. Mag dit u as ouer help om die regte besluite te neem, u kind en uself te beskerm en seerkry vir u kind te verhoed.

GRAAD 1-3 CHAMPION OLIMPIADE: [AFSKEURSTROKIE]

Ouers word uitgenooi om hulle Graad 1-3 kind/ers vir hierdie Olimpiade in te skryf. Die vraestelle is opwindend en interessant en dit voldoen aan die Onderwysdepartement se kurrikulum. Afrikaans en Wiskunde vraestelle sal gedurende Oktober geskryf word. Die presiese datum sal vroegtydig deurgegee word. Inskrywings is vrywillig en kos R50 per kind vir altwee vraestelle saam.

Leerders wat die vraestelle skryf, sal ‘n sertifikaat van Champion Olimpiade ontvang.

Vul die afskeurstrokie in en stuur dit saam met die inskrywingsgeld na die klasonderwyser: Sluitingsdatum: Donderdag, 1 September 2022.

.....

SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Juffrou Santjie Kotze

BEMOEDIGENDE BOODSKAP

CHAMPION OLIMPIADE

GRAAD 1 – 3

OUER: _____

LEERDER: _____

LEERDER: _____

GRAAG WIL EK MY KIND/ERS INSKRYF VIR DIE CHAMPION OLYMPIADE.

VRAESTELLE: AFRIKAANS & WISKUNDE

KOSTE: R50

HANDTEKENING VAN OUER:

_____

Kontant met inskrywings asb.
Klasonderwysers

WAT OUERS MOET WEET

Wat sê die Suid-Afrikaanse wet?
Enige foto's van 'n naakte of gedeeltelik naakte kind onder die ouderdom van 18 is kinderpornografie.

Dit is 'n oortreding om dit te skep en ook onwettig om dit te deel. As jou kind dit doen, kan hulle deur strafregtelike aanklagte in die gesig gestaar word ingevolge die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede), 2007.

Die wet maak dit ook 'n oortreding vir 'n kind om een van hul maats aan te moedig, te help of te boelie om pornografiese foto's van hulself of ander te neem en te stuur.

Skokkende syfers
Wêreldwye statistieke toon dat 1 uit 3 kinders seksueelverwante boodskappe stuur, sommige vannet sewe en meer algemeen vanaf 15 jaar.

Gevaarligte
- Jou kind begin baie meer tyd op hul foon deurbring.
- Jou kind raak geheimsinnig en beskermend oor hul foon, versteek die skerm vir die publiek en verander die toegangswagwoord.
- As jou kind die kamer verlaat om te praat of boodskappe te stuur en daarop aandring om altyd hul foon in 'n privaat plek te gebruik.
- As jou kind kwaad word en verdedigend begin optree.
- 'n Skerp daling in skoolpunte.
- 'n Verandering van vriende.

Wat om te doen as iemand jou kind probeer afpers om seksueelverwante boodskappe te stuur
- Moenie enige van die boodskappe wat ontvang is, uitvee nie.
- Neem skermgrepe van die afperser se dreigemente aangesien dit as bewyse gebruik kan word.
- Praat met iemand wat jy kan vertrou.
- As jy weet wie die persoon is wat jou kind afpers, kan jy by die naaste landdroshof aansoek doen om 'n beskermingsbevel ingevolge die Wet op die Beskerming teen Teistering.
- Kontak 'n spesialis in hierdie soort misdaad.
- Kontak 'n betroubare berader om jou kind te help om hierdie beproewing te hanteer.

BRONNE: JUSTICE.ORG.ZA, NCA247.ORG.ZA

LOSLIT DAG 2022

I celebrate SA with persons with disabilities

Loslit Dag vind plaas op **2 September 2022**, ondersteun asb vir **Jakkies Opwaarts Sentrum** deur 'n plakker te koop **@ R20** per plakker.

JOS is geregistreer by Loslit en onvang dus R9 terug vir elke plakker wat verkoop word, dis deel van ons jaarlikse fondsinsameling.

Tema: Ek vier SA saam met persone met gestremdhede.

Plakkers is beskikbaar by **JOS** en Danielle in die **Boekstoor.**